NUWEJAARSBOODSKAP VIR 2012

Fil.4:19: "En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderlike rykdom in Christus Jesus."

Mens kan maklik hulpeloos voel as jy sien wat alles in die wêreld aan die gang is.
Ekonomië dreig om in duie te stort. Opstande, burgeroorloë, aardbewings wat toeneem, storms, oorstromings, smeltende gletsers, uiterste hitte en onvoorspelbare weerpatrone is aan die orde van die dag.

Gelukkig is ons volgens Joh.17:16 nie van hierdie wêreld nie, maar behoort ons aan God. Ons is slegs reisigers op pad na ons Ewige bestemming.

Fil.4:19 verklaar: God sal in elke behoefte van ons voorsien, selfs as teenspoed ons sou tref. Deur met ons hele wese te glo dat wat ookal met ons gebeur nie buite die mag van Jesus Christus val nie, stel ons `n magtige wapen, nl. geloof in werking. Geloof is volgens die Woord die enigste manier waarmee ons God kan behaag.
In Joh.16:23(b) beloof Jesus die volgende: "Dit verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in My Naam sal bid, sal Hy vir julle gee."

Neem hierdie skrifgedeeltes vir hierdie jaar en maak dit elke dag jul eie. Kom ons stel ons geloof in werking en vertrou ons Almagtige God en Jesus Chritus in dit wat Hulle beloof.

- Bid dat mense wat verslaaf is in groter getalle hulp sal vra.
- Bid dat gerehabiliteerdes na ontslag by ons groepe sal inskakel.
- Bid dat daar genoeg fondse vir die Noord Kaap sal inkom, sodat hulle die konferensie in September suksesvol sal kan aanbied .
- Bid dat die Heilige Gees in Sy volheid gedurende die konferensie werksaam sal wees.
- Bid dat die Nasionale Raad of die verskillende gebiede fondse sal ontvang om in elke gebied, soos die Wes- en Suid Kaap, voltydse organiseerders kan aanstel.

Bid asb tydens elke byeenkoms vir bogenoemde sake

Kom ons leef hierdie jaar voluit vir Jesus, ook deur die CAD, asof dit ons laaste jaar op aarde is. Gebruik die vermoëns wat Hy vir ons gegee het om met oorgawe te doen wat Hy van ons verwag. Moenie dat die woorde van CJ Langehoven ivm met ons vermoëns eendag van ons gesê word nie:

Die kwisterige man eet die vrugte van sy lewe groen op; die inhalige laat hulle sit tot hulle vrot is.

Mooi jaar vir almal!
René Combrinck